	Die Voortrekkers **AANSOEK OM LEIERSKAPPENNING – BRONS**	**Vorm T10** **2007**

INLIGTING AAN DIE VOORTREKKERKOMMANDO

1. 'n Kommandodagbestuur skakel vooraf met die skoolhoof / rektor en maak aan hom bekend dat die **kommando** bereid is om die Leierskappenning beskikbaar te stel om aan 'n bepaalde leerder(s) / student(e) van die instansie se keuse toe te ken.

2. Die suggestie behoort by die skoolhoof / rektor gemaak te word dat hierdie penning verkieslik tydens die skool / kollege / technikon / universiteit se prysuitdelingsfunksie / gradeplegtigheid oorhandig sal word.

3. Indien die skoolhoof / rektor bereid is om die toekenning te maak, bestel die kommando die penning vanaf die **gebiedskantoor**. Stuur verskuldigde bedrag aan gebiedskantoor (Koste op aanvraag by die gebiedskantoor verkrygbaar).

4. Die volledige pakket bestaan uit:
   - die riglyne en evalueringskaal (vir gebruik deur die skool)
   - 'n ovaalvormige Leierskappenning aan 'n halslint in die drie Voortrekkerkleure
   - 'n bygaande oorkonde

5. Die kommando oorhandig die volledige pakket aan die skoolhoof / rektor. Dit is nie noodsaaklik dat die betrokke instansie die ingeslote evalueringsvorm moet gebruik nie. Die instansie kan self besluit op watter wyse die evaluering gedoen word.

6. Die gebiedskantoor moet 'n volledige register byhou van almal wat hierdie toekenning ontvang. Daarom word dit van die adjunkkommandoleier [administrasie] verwag om met die betrokke inrigting te reël dat die verklaring onderaan die evalueringsvorm volledig voltooi word en aan hom / haar terugbesorg word.

7. Hierdie voltooide verklaring moet **voor 31 Desember** van elke jaar aan die gebiedskantoor versend word. Die adjunkkommandoleier [administrasie] moet toesien dat die volgende gegewens volledig daarop ingevul is:
   - Naam van persoon aan wie die penning toegeken is
   - Naam van inrigting waar die persoon studeer
   - Graad / kursus van persoon aan wie die penning oorhandig is
   - By watter geleentheid die oorhandiging plaasgevind het
   - Datum waarop die oorhandiging plaasgevind het